Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

WhatsApp: 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch

13 Februarie 2022

09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Pieter van der Walt

Tema: Die 'waarom?' en die 'daarom!'

Soms vra ons ook, soos Marta, 'waarom?'. Waarom ek, waarom gebeur dit met my? Waarom laat U, o Here, dit toe? Meestal vrae wat gevra word wanneer ons moedeloos is.

Die antwoord is: omdat God in sy almag dit so beskik! Omdat God dit so in sy raadsplan bepaal het. Dit is die 'daarom'.

Ook Asaf vra in Psalm 73: 'waarom?'

Belangrik: die klem val nie op my nie, nie op my behoeftes en my prioriteite nie, nie wat ek dink die beste vir my is nie, maar op God en op God se plan met my lewe en met Sy kerk en met die hele wêreld.

Ook Jesus het gevra: 'waarom?'

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 153:1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 33-1:1, 2 (Tweede melodie); Votum; Seën; Sing Ps 33-1: 6, 8 (Tweede melodie); Geloofsbelydenis: 12 Artikels; Sing Ps 138-1:1

Verootmoedigingsdiens
Wet (Eksodus 20); Sing Ps 32-1:3; Gebed

Woorddiens
Sing: Sb 15-7:4,5 (Kleuters gaan na kleuterbediening)
Skriflesing: Lukas 10:38-42 en Psalm 73
Teksverse: Lukas 10:38-42 en Ps 73:16,23,24
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed; **Liefdegawes vandag** vir Diakonie (Groot boks) en by die deur vir die GKSA-Sustentasie (klein boks); Sing Ps 84-2:1,4; Seën, Amenlied: Sb 13-2

18:00 GESAMENTLIKE GROEPBYEENKOMS IN DIE KERKGEBOU

Ons nooi alle kleingroepe en alle lidmate uit na hierdie byeenkoms waartydens prof Albert Coetzee ons dieper gaan inlei in die verstaan van die boek Hebreërs. Ons begin met samesang, Skriflesing en gebed en daar sal ruim geleentheid wees vir vrae en bespreking.

MEELEWING

- Baba Lihanke Lazenby ondergaan eerskomende Dinsdag ‘n groot operasie en ons dra haar, Marinus en Leischa en die familie aan die Here op.
- Hans Malan sterk tuis aan nadat hy tydens ‘n angriogram ‘n “stent” in ‘n hartaar ontvang het.
- Erika Rood se bestralingsbehandeling is afgehandel en sy is nou in ‘n rusperiode voor hulle met chemoterapie begin.
- Dries Schutte (Wilgeboom) sterk aan in Medikliniek na sy longontsteking.
- Griet du Preez het ‘n veloorplanting op die wond ontvang en ons bid dat dit suksesvol sal wees.
- Ettienne Delport het ‘n tweede angiogram moes ondergaan en die uitslag daarvan was baie gunstig.
- Pierre Volschenk sterk mooi aan na die heupvervanging wat hy Maandag ondergaan het.
- Douw Grobler is gediagnoseer met erge hartversaking en moet ‘n angriogram ondergaan. Hantie het mooi verbeter en die dokter is baie tevrede met haar vordering.
- Dawie van Zyl se ma is steeds baie siek in die hospitaal.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Bettie Niemand en Dries en Marthie Schutte.

BAIE WELKOM AAN

- Pieter en Santerien Minne wat met attestaat van GK Die Bult by ons aansluit. Hulle woon in Belle Vallee meenthuis nr 1, Gr. 23
- Divan Greyling wat opgeneem word in die GKSA. Hy woon op Plot 599, Modderdam, Gr 29.
- Dané Botha wat met attestaat van GK Cachet by ons aansluit. Sy woon in Smit-str. 10, Gr 29.

Divan en Dané is verloof en trou een van die dae.

BAIE GELUK

- Baie geluk aan Reits en Muschka Esterhuizen met die geboorte van hulle babaseuntjie Donderdag.

ONS GROET

- Louis en Petro Krüger wat met attestaat vertrek na GK Magalieskruin, Pretoria.
- Carlien Kahl wat met attestaat vertrek na GK Mafikeng.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie: Les 4
Tee, koffie, koeldrank en kuier
11:00 Diakonie Algemene verg.
18:00 Gesamentlike groepbyeenkoms in die kerk

Maandag
17:00 Gholfdag
18:00 Kommunikasiedg.
18:30 Jeugdg.

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
17:00 Eiendommedg.
17:15 Katkisasie gr 8
18:00 Katkisasie gr 11

Woensdag
09:30 Bybelstudie
17:15 Katkisasie gr 9
18:00 Katkisasie gr 10

Donderdag
17:30 “Griefshare”-kursus in konsistorie

Vrydag
09:30 Gholfdag

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe Die Diakonie (Groot boks). (Zapper betaal-metode beskikbaar)
- Gawe by die deure vir GKSA-Sustentasie (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Teologiese studentekas.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 34 en 35.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Saterdag, 5 Februarie
Sr Marilena Theron *

Sondag, 13 Februarie
Jsr Lientjie Bezuidenhout
Sr Corlia Labuschagne
Br Pieter Pretorius *
Jsr Liné v Vuuren

Maandag, 14 Februarie
Br Louis Freeke

Woensdag, 16 Februarie
Jbr Ruben Booyens
Sr Merichia du Plooy
Sr Liza JvRensburg
Jsr Sanmarie Velloen

Donderdag, 17 Februarie
Br Koot vd Walt

Vrydag, 18 Februarie
Sr Heleen Coetzee
Br Cobus Engelbrecht
Jbr Nicholas Schreck
Sr Leana vd Walt

Saterdag, 19 Februarie
Br Johan du Preez

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae bo 75 jaar.

GHOLFDAG: 18 FEBRUARIE 2022

Ons Gholfdag-komitee is reeds besig om reëlings te tref vir die aanbied van hierdie jaar se gholfdag.
Vrydag, 18 Februarie
Afslaan: 10:30 “Shotgun start”

Formaat: “Betterball Stableford, Scramble drive”
Kostes: R2 000 p/vierbal

Ondersteun ons asb deur 4-bal-inskrywings of om as putjieborge op te tree.
Kontak gerus:
Walter Plotz (083 487 7497)
Ryan Bezuidenhout (082 464 6310)
Nicolaas Erasmus (074 671 6932)

KENELKANDER
(Nederlands vir “ken mekaar”)

Ons is besig met die samestelling van ons gemeente se inligtingsboekie, Die Kenelkander 2022. Skryf asb u naam op die bestellys in die voorportaal van die Skuur indien u een wil hê. Onthou ook asb om u persoonliuke inligting wat verander het, aan die kerkkantoor deur te gee.
Ons het ook BORGE nodig om die drukkoste so laag moontlik te hou. Enige iemand wat bereid is om as borg op te tree kan met Adele gesels.

HUISGELOOF: Bediening aan ons jeug

Ons is baie opgewonde om ons jeugbediening vanjaar weer op dreef te kry. Ons noem dit “Huisgeloof” omdat ons graag ouers en kinders saam wil toerus vir die uitdagings van die lewe. Ons eerste byeenkomste vir voorskoolse jeug, laerskooljeug en hoërskooljeug is op **Sondag 27 Februarie.**

Al ons ouers met kinders is op ‘n WhatsApp-groepie geplaas met die naam **“Oosdopper-Jeug 2022”.** Ons wil die groep gebruik om inligting aan ouers deur te gee want sonder ons ouers se hulp en samewerking kan ons nie die jeug bereik nie. Bid asseblief dat ons vanjaar die geleentheid gaan kry om ons jeug te kan bedien en bid vir Heleen Coetzee en haar span wat die jeugbediening aanbied.



SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

Susters: Elektroniese inbetalings

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Sonette Turkstra en groep 5, Estelle v Hamburg en groep 13, Rolene vd Walt en groep 23, asook Engela vd Walt en groep 31.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

KANSA-PROJEK

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil graag teen einde Februarie hulle donasies oorbetaal. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA". Daar is ook koevertjies by die deur beskikbaar vir lidmate wat 'n bydra in kontant wil gee. Dankie vir die wat reeds 'n bydrae gemaak het.

SUSTERSAMEKOMS: 22 FEBRUARIE

Blok B
Nooi die susters
uit na ń saamkuier
Dinsdag, 22 Februarie
18:30
In die skuur

Tema:
My beker loop oor
Spreker: Ds Piet

Bring n beker en
ń lepel saam

KWARTAALPROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
22 Feb	**Dinsdag**	**18:30**	**Blok B**	**Sustersamekoms**
5 Maart	Saterdag		Bestuur en groepsusters	Ouderlinge en Diakens: Spanbou
6 Maart	Sondag	08:30	Bestuur	Belydenisaflegging
6 Maart	Sondag	18:30	Blok C	Ouderlingverversings
13 Maart	Sondag	12:00	Blok D	Nagmaalete

OOSDOPPERTJIES

Julle is almal seker baie opgewonde omdat dit more Valentynsdag is.
Hier is 'n lekker aktiwiteit om julle te herinner aan die heel grootste liefde wat elkeen van ons van Jesus ontvang het!

DIE LIEFDE volgens die Bybel

Wat het Johannes oor die liefde gesê?

Lees die verse en antwoord die vrae.

1. Lees Johannes 13:14.
Wat beveel Jesus ons om te doen?

2. Lees 1 Johannes 4:7.
Van wie kom die liefde af?

3. Lees 1 Johannes 4:9.
Hoe het God sy liefde vir ons gewys?

4. Lees 1 Johannes 4:11.
Hoekom moet ons vir mekaar lief wees?

Hoe weet ons dat God ons liefhet?

Voltooi die teksvers deur die letter neer te skryf wat by die prentjie pas.
Lees Johannes 3:16 om te sien of jy al die letters reggekry het.



ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele– 018 290 7690 / 082 532 8658 - kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

GK Potchefstroom-Oos (Kerkraad)	**DIAKONIE**	**SUSTERS**
ABSA Bank	ABSA Bank	Capitec Bank
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 632-005	Takkode: 632 005	Takkode: 470 010

KENNISGEWINGBORD

- Dienssentrum: Benodig iemand wat kan help met vervoer van bejaardes.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!